Leer die Liedboek maklik vir die gemeente

***Hancke van Blerk** is leraar van die gemeente Piet Retief.*

'Nmens kan dit amper nie glo nie, maar die *nuwe* Liedboek is ook al weer nege jaar oud. Die eerste uitgawe was in 2001.

Die Liedboek is deel van 'n opwindende en steeds groeiende liedereskat binne die kerk. Ons liedereskat word deesdae voortdurend op verskillende maniere uitgebrei sodat daar vir elke ouderdoms- en spiritualiteitsgroep oorgenoeg liedere is wat hulle hartlik kan saamsing.

Ek self is baie opgewonde oor die Flam-liedere (vgl www.flam.co.za). Tans help die lofbedieningsgroep in ons gemeente dat lidmate hierdie liedere aanleer. Dít vind groot aanklank. Die Oostelike Sinode se liedjieskryf-kompetisie is 'n ander kanaal wat pragtige nuwe liedere tot gevolg het.

Ongelukkig bestaan die gevaar dat ons weens hierdie liedere-oorvloed met só baie fokuspunte nie die ryk liedereskat van die Liedboek ten volle benut nie. Veral die psalms het argiefstukke begin word. Daarom het ek 'n tyd gelede, sommer vir myself, begin om al die liedere in die Liedboek te merk.

Omdat my bladlees nie goed is nie, het ek die Liedboek-sleutel, daardie CD wat Lux Verbi-BM destyds uitgegee het, gebruik om elke lied se wysie te speel. (Daar is ook CD's by Bybel-Media beskikbaar waarop al die begeleidings is. Een CD bevat al die liedere in MP3-formaat.)

Ek het in die proses al die liedere in drie kategorieë ingedeel:

- Baie bekende wysies.
- Minder bekende, maar mooi wysies, wat met min moeite redelik maklik vir die gemeente aangeleer sal kan word.
- Wysies wat vir my maar onindrukwekkend klink en wat ek eers sal probeer aanleer nadat ek bogenoemde twee kategorieë onder die knie gekry het.

Nadat ek bogenoemde oefening gedoen het, het ek besef hoeveel liedere wat ek voorheen as onbekend beskou het en nooit eens vir 'n erediens oorweeg het nie, eintlik baie bekende wysies het.

Na my mening is daar 334 liedere (meer as die helfte) met baie bekende wysies en behoort 167 liedere se mooi, maar tans minder bekende wysies, redelik maklik aangeleer te kan word. Slegs 117 van die meer as 600 liedere in die Liedboek se wysies vul my nie juis met opgewondenheid nie.

Ek kan ook met behulp van die Liedboek-sleutel se konkordansie vir my 'n lied soek wat by die betrokke preek pas. Maar met een verskil van vantevore: nou weet ek dadelik of daardie lied met die gepaste woorde wel in die erediens singbaar sal wees of nie.

Ek is gevra om hierdie praktiese insigte met die breër kerk te deel sodat ons die Liedboek makliker en beter kan benut en geniet. Ek doen dit graag omdat ek self die vrugte daarvan geniet.

Ek besef dat my kategorisering subjektief is. Wat vir my na 'n onindrukwekkende wysie klink, mag dalk vir iemand anders na 'n lied klink wat potensiaal het om aangeleer te word.

Nogtans dink ek dat die drie kategorieë waarin ek die Liedboek se liedere ingedeel het, 'n getroue weergawe is van hoe die meerderheid lidmate dit ook sou indeel.

Mag hierdie beskeie poging daartoe bydra dat die kerk opnuut opgewonde raak oor die Liedboek en dat leraars voortaan makliker hulle liedere vir die erediens sal kan uitkies!

Na my mening is daar immers ten minste 501 liedere in die Liedboek wat my opgewonde maak. Ek het myself ook voorgeneem om voortaan, slegs by hoë uitsondering, 'n Liedboeklied meer as een maal per jaar te gebruik, sodat veral Kategorie 2 se liedere aangeleer en in die erediens gebruik kan word – ten minste een nuwe lied per maand.

Bekende wysies (46 psalms en 288 ander liedere)

Psalms:
8 (tweede melodie), 9, 10, 16 (tweede melodie), 18 (tweede melodie), 20, 23, 25, 27 (tweede melodie), 33, 36, 38 (tweede melodie), 42, 43, 44, 45, 46, 48, 66, 68, 74, 84, 89, 91 (tweede melodie), 94, 98, 100 (tweede melodie), 103, 105, 107 (tweede melodie), 116, 118, 119, 125, 128, 130 (tweede melodie), 132, 134, 137 (eerste en tweede melodie), 138, 139 (tweede melodie), 143, 146, 147 (eerste en tweede melodie), 148, 150

Ander liedere:
152, 153, 155, 156, 157, 159, 161, 163, 164, 167, 168, 169, 171, 172, 175, 176, 177, 178, 179, 182, 184, 186, 187, 188, 189, 190, 191, 192, 195, 196, 197, 198, 199, 200, 201, 203, 205, 207, 208, 209, 212, 213, 214, 215, 217, 219, 220, 222, 223, 224, 227, 230, 231, 232, 233, 235, 238, 239, 240, 241, 244, 245, 247, 249, 250, 251, 252, 253, 254, 255, 256, 257, 258, 260, 263, 264, 265, 266, 268, 269, 271, 273, 274, 275, 276, 277, 278, 279, 280, 281, 282, 284, 286, 287, 288, 289, 290, 292, 293, 294, 295, 296, 297, 299, 304, 305, 306, 308, 309, 312, 313, 314, 329, 334, 337, 338, 339, 342, 343, 344, 345, 348, 349, 352, 353, 354, 355, 358, 364, 365, 366, 367, 370, 372, 373, 374, 377, 378, 380, 381, 382, 384, 385, 386, 387, 388, 389, 390, 391, 392, 393, 395, 396, 397, 400, 404, 405, 406, 407, 409, 411, 412, 414, 415, 416, 417, 418, 421, 422, 427, 428, 429, 431, 432, 433, 434, 435, 436, 438, 439, 440, 442, 445, 446, 447, 448, 449, 450, 451, 453, 454, 455, 456, 457, 458, 459, 462, 464, 466, 467, 470, 471, 472, 475, 476, 477, 478, 479, 480, 481, 482, 484, 485, 486, 487, 488, 489, 491, 492, 493, 495, 496, 498, 499, 500, 501, 504, 505, 506, 508, 509, 510, 511, 512, 513, 514, 516, 518, 519, 521, 523, 524, 525, 526, 528, 530, 531, 532, 535, 536, 537, 542, 543, 547, 549, 552, 553, 557, 562, 563, 565, 566, 568, 570, 571, 573, 575, 576, 577, 578, 579, 580, 581, 582, 583, 585, 587, 588, 589, 590, 591, 592, 594, 595, 596, 597, 599, 602

Wysies met potensiaal om aangeleer te word (65 psalms en 102 ander liedere)

Psalms:
2, 11, 12, 15, 16, 17, 18 (eerste melodie), 19, 21, 24, 27 (eerste melodie), 28, 29, 31, 34, 35, 37, 39, 40, 47, 49, 50, 51, 52, 53, 54, 55, 56, 64, 65, 69, 70, 71, 72, 73, 75, 79, 80, 81, 82, 88, 90, 95, 102, 104, 106, 108, 109, 110, 111, 112, 117, 120, 121, 124, 126, 127 (eerste en tweede melodie), 130 (eerste melodie), 135, 139, 140, 141, 142, 145, 149

Ander liedere:
154, 158, 162, 173, 183, 193, 194, 202, 216, 224, 225, 227, 236, 237, 242, 243, 246, 283, 291, 302, 303, 307, 310, 311, 317, 319, 320, 321, 322, 323, 324, 325, 326, 327, 332, 333, 335, 336, 341, 346, 350, 356, 357, 359, 360, 361, 362, 363, 368, 369, 371, 375, 376, 379, 383, 394, 401, 402, 403, 408, 410, 419, 420, 423, 424, 425, 426, 430, 437, 441, 443, 452, 460, 461, 468, 469, 474, 494, 497, 502, 503, 507, 515, 527, 538, 539, 540, 541, 544, 548, 550, 551, 554, 555, 556, 558, 559, 561, 584, 586, 598, 601

Moeilike wysies (52 psalms en 65 ander liedere)

Psalms:
1, 3, 4, 5, 6, 7, 8 (eerste melodie), 13, 14, 16 (eerste melodie), 22, 26, 30, 32, 38 (eerste melodie), 41, 57, 58, 59, 60, 61, 62, 63, 67, 76, 77, 78, 83, 85, 86, 87, 91 (eerste melodie), 92, 93, 96, 97, 99, 100 (eerste melodie),101, 107 (eerste melodie), 113, 114, 115, 122, 123, 127, 129, 131, 133, 136, 139 (eerste melodie), 144

Ander liedere:
151,160,165,166,170,174,180, 181, 184, 185, 204, 206, 210, 211, 218, 221, 226, 228, 229, 234, 248, 259, 261, 262, 267, 270, 272, 285, 298, 300, 301, 315, 316, 318, 328, 330, 331, 340, 347, 351, 398, 399, 413, 444, 463, 465, 473, 483, 490, 517, 520, 522, 529, 533, 534, 545, 546, 560, 564, 567, 569, 572, 574, 593, 600

"Mag hierdie beskeie poging daartoe bydra dat die kerk opnuut opgewonde raak oor die Liedboek."

"Veral die psalms het argiefstukke begin word."

"Die Liedboek is deel van 'n opwindende en steeds groeiende liedereskat binne die kerk."